

11 Junie

Handelinge 2:1-13 (2:2)

Pinkster - God se ingryping in menseharte

In Jerusalem was daar 'n saamtrek van Jode wat gekom het van oor die hele bekende wêreld van daardie tyd. Hulle was daar byeen vir die feestyd. En in God se oë was die tyd nou ryp dat die Evangelie uitgedra moes word na alle wêrelddele (Hand 1:8b). Daarvoor sou die Heilige Gees sorg. God het die tafel gedek. Hy het alles voorberei vir die wêreldwye uitdra van die blye evangelieboodskap. Hy sou sorg dat sy kerk op aarde gevestig word. Sy kerk wat bestaan uit mense wie se harte Hy deur sy Gees in besit geneem het.

Terwyl die gelowiges daar in die vertrek bymekaar was, het die Gees Hom aan hulle bekend gemaak. Al kon hulle Hom nie sien nie, kon hulle die tekens van sy uitstorting hoor en sien. Skielik was Hy daar. Hulle het 'n geluid uit die hemel gehoor soos van 'n geweldige rukwind. Die geluid het die hele vertrek waarin hulle was gevul. Almal het die geluid gehoor.

In die Ou Testament was die wind dikwels teken van God se oordeel. Maar hier het die wind 'n ander betekenis gehad. Hierdie was nie 'n oordeelwind nie, maar 'n lewewekkende wind. Soos die wind in Esegïel 37 wat gewaai het oor die laagte vol doodsbeendere. Daar het die wind nuwe lewe gewek, sodat die beendere byeen kon kom en die liggame weer kon lewe. Daardie wind het nuwe lewe gewek waar daar voorheen dood was. Só was ook hierdie wind 'n lewewekkende wind... die wind van God se Gees.

Uit Johannes 3 leer ons dat hierdie wind dui op die Heilige Gees wat die wedergeboorte werk. 'n Geweldige wind. Almagtig sterk. Onkeerbaar sterk. As God deur sy Gees ingryp, wie kan Hom keer? Wie kan weerstand bied as God harte wil verander?

Pinkster... teken van God se almagtige ingryping in die harte en lewens van mense. En Pinkster se betekenis vir my? Ook in my lewe het Hy ingegryp. Daarom lewe ek 'n Geesbeheerde, Geesvervulde lewe!

Sing: Skrifberyming 13:1, 3, 4

Ds. J.H. Howell (Brakpan-Suid)